



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1083

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1083

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 43]

PRETORIA, 17 JANUARIE
17 JANUARY 1969

[No. 2255

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 61 17 Januarie 1969

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 302

KOMMERSIËLE DISTRIBUSIEBEDRYF,
VERNAAMSTE GEBIEDE

Die volgende verbetering aan Goewermentskennisgewing R. 1695 van 20 September 1968 word gepubliseer:—

In die Afrikaanse Tekst

Klousule 5 (6) (a)

Skrap die woord "aflewer,".

No. R. 67 17 Januarie 1969

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MEUBELNYWERHEID, TRANSVAAL.—VERLENGING VAN GELDIGHEDSDUUR VAN HOOF-OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheids-versoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewerments-kennisgewings R. 88 van 15 Januarie 1965 en R. 720 van 3 Mei 1968 met 'n verdere tydperk van drie maande wat op 18 April 1969 eindig.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 66 17 Januarie 1969

WYSIGING VAN REGULASIES VIR DIE BEHEER VAN BLOEDOORTAPPINGSDIENSTE

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 83 bis (1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Apteke, 1928 (Wet 13 van 1928), en na oorlegpleging met die Suid-Afrikaanse

A—35705

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 61 17 January 1969

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 302

COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE,
PRINCIPAL AREAS

The following correction to Government Notice R. 1695 of 20 September 1968 is published:—

In the Afrikaans Version

Clause 5 (6) (a)

Delete the word "aflewer,".

No. R. 67 17 January 1969

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF MAIN AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 88 of 15 January 1965 and R. 720 of 3 May 1968, by a further period of three months ending on 18 April 1969.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 66 17 January 1969

AMENDMENT OF REGULATIONS FOR THE CONTROL OF BLOOD TRANSFUSION SERVICES

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred on him by section 83 bis (1) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), and after consultation with the South African Medical and

1—2265

Geneeskundige en Tandheelkundige Raad die wysiging van bogenoemde regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1950 van 30 November 1962, soos volg goedgekeur: —

1. Deur die invoeging na subregulasie 2 (3) (g) in Deel I van die volgende: —

“2. (3) (h) Enige ander preparaat wat omskryf en waarvan die regte naam vermeld is deur die lisensieringsowerheid.”

2. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 6 (1) in Deel I van die volgende: —

“6. (1) Aansoeke aan die lisensieringsowerheid om 'n lisensie vir 'n bloedskenkingsvereniging of 'n bloedbewerkingslaboratorium moet aan die 'Hoof: Staats-Patologiese Dienste, Staatsdepartement van Gesondheid, Posbus 26, Kaapstad', gerig word.”

3. Deur die vervanging van die syfer “40” in die tweede lyn van regulasie 9 (1) (b) in Deel I deur die syfer “39”.

4. Deur die vervanging van die syfer “4” in die eerste lyn van regulasie 9 (1) (c) in Deel I deur die syfer “2”.

5. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 9 (1) (c) (i) in Deel I deur die volgende: —

“9. (1) (c) (i) die proefbuisie (aan die houër geheg soos bepaal by regulasie 18 van die Eerste Bylae van Deel II van hierdie regulasie) met die bloed wat daarin oorgebly het en met die oorspronklike etiket ongeskonde as die proefbuisie om enige rede van die houër losgemaak is; en”

6. Deur die vervanging van die syfer “40” in die derde lyn van subregulasie 10 (a) in Deel I deur die syfer “39”.

7. Deur die weglating van die woorde “tesame met die gebruikte ‘toedientoestel’ ” in lyn vyf van subregulasie 11 (a) in Deel I en die vervanging van die syfer “4” deur die syfer “2” in die sesde lyn.

8. Deur die weglating van die woorde “en ‘toedienstoe- stel’ ” in die eerste lyn van subregulasie 11 (b) in Deel I.

9. Deur die vervanging van die syfer “38” in die vierde lyn van subregulasie 13 (3) in Deel I deur die syfer “37”.

10. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 1 in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“1. 'n Lisensie om 'n bloedskenkingsvereniging te dryf, word nie aan 'n geneesheer uitgereik nie tensy dié vereniging ingevolge artikel *een-en-twintig* van die Maatskappywet, No. 46 van 1926, as 'n maatskappy sonder winsbejag geregistreer is, of tensy sodanige vereniging deur die Minister van Gesondheid van die bepalings van hierdie regulasies vrygestel is.”

11. Deur die vervanging van die syfer “37” in die tweede lyn van subregulasie 11 (2) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “36”.

12. Deur die vervanging van die huidige subregulasie 19 (1) (a) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“19. (1) (a) Indien 'n bloedskenking bestem vir uitreiking as mensbloed deur 'n bloedskenkingsvereniging van 'n bepaalde bloedskenker na sy eerste skenking aan daardie vereniging verkry word en die bloed van sodanige skenker tevore aan bloedgroepproewe onderwerp is, mag sodanige bloedskenking nie deur die vereniging as sodanig uitgereik word nie tensy minstens een monster van die skenker se bloed wat ten tye van die skenking verkry is, onderwerp is aan bloedgroepproewe soos by regulasie 20 van hierdie Bylae bepaal.”

Dental Council, has approved the amendment of the above-mentioned regulations promulgated by Government Notice R. 1950 of 30 November 1962, as follows: —

1. By the insertion after subregulation 2. (3) (g) of Part I of the following: —

“2. (3) (h) Any other preparation which has been defined and the proper name of which has been stated by the licensing authority.”

2. By the substitution for the existing subregulation 6 (1) of Part I of the following: —

“6. (1) Applications to the licensing authority for a blood donor society licence or for a blood processing laboratory licence, shall be addressed to ‘The Chief: Government Pathological Services, State Department of Health, P.O. Box 26, Cape Town’.”

3. By the substitution for the figure “40” in the second line of regulation 9 (1) (b) of Part I of the figure “39”.

4. By the substitution for the figure “4” in the first line of regulation 9 (1) (c) of Part I of the figure “2”.

5. By the substitution for the existing subregulation 9 (1) (c) (i) of Part I of the following: —

“9. (1) (c) (i) the pilot tube (attached to the container as provided for by regulation 18 of the First Schedule to Part II of these regulations) with such residual blood that has remained therein and with the original label intact, if the pilot tube has been detached from the container for any reason; and.”

6. By the substitution for the figure “40” in the third line of subregulation 10 (a) of Part I of the figure “39”.

7. By the deletion of the words “together with the used ‘giving set’ ” in lines five and six of subregulation 11 (a) of Part I and the substitution for the figure “4” of the figure “2”.

8. By the deletion of the words “and ‘giving set’ ” in the first line of subregulation 11 (b) of Part I.

9. By the substitution for the figure “38” in the third line of subregulation 13 (3) of Part I of the figure “37”.

10. By the substitution for the existing regulation 1 of Part II, First Schedule, of the following: —

“1. A licence to operate a blood donor society shall not be issued to a medical practitioner unless such society is registered as a non-profit making company in terms of section *twenty-one* of the Companies Act, No. 46 of 1926, or unless such society is exempted by the Minister of Health from the provisions of this regulation.”

11. By the substitution for the word “are” in the second line of subregulation 8 (1) (a) of the word “as”.

12. By the substitution for the figure “37” in the second line of subregulation 11 (2) of Part II, First Schedule, of the figure “36”.

13. By the substitution for the word “from” in the third line of subregulation 17 (3) of Part II, First Schedule, of the word “form”.

14. By the substitution for the existing subregulation 19 (1) (a) of Part II, First Schedule, of the following: —

“19. (1) (a) If a blood donation intended for issue as human blood is obtained by a blood donor society from a particular blood donor subsequent to his first donation to that society and the blood of such donor was previously subjected to blood group tests, such blood donation shall not be issued by the society as such unless at least one sample of the donor's blood collected at the time of donation has been subjected to blood group tests as provided for in regulation 20 of this Schedule.”

13. Deur die vervanging van die huidige subregulasie 19 (1) (b) (i) en (ii) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

“19. (1) (b) (i) Die uitslae van die bloedgroepproeve, soos aldus bepaal, moet aangeteken word op 'n wyse wat deur die lisensieringsowerheid goedgekeur is.”

“19. (1) (b) (ii) Gedurende die tydperk tussen die uitvoer van die twee aparte bloedgroepproeve soos in regulasie 19 (1) (a) bepaal, moet 'n geel etiket met die volgende woorde met rooi letters daarop gedruk opvallend en stewig aan die houer geheg word op 'n wyse wat deur die lisensieringsowerheid goedgekeur is:—

‘Waarskuwing: Bloedgroep Onbevestig.’

‘Caution: Blood Group Not Confirmed.’”

14. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 20 (1) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

“20. (1) Elke monster van 'n skenker se bloed, wat ooreenkomstig regulasie 19 van hierdie Bylae aan bloedgroepproeve onderwerp moet word, moet getoets word—

(a) om die primêre bloedgroep (ABO-stelsel) daarvan vas te stel; en

(b) om vas te stel of dit Rh-positief of -negatief is (d.w.s. of dit die Rh₀- of D-antigeen bevat of nie); behalwe dat—

(i) indien daar by die eerste bloedgroepproef van 'n monster van bloed van 'n bloedskenker wat vir die eerste maal bloed aan 'n vereniging skenk, gevind word dat die bloed die Rh₀- of D-antigeen bevat (d.i. dat hy/sy Rh-positief is), dit nie nodig is om 'n aparte monster van die skenker se bloed aan 'n Rh-groepproef te onderwerp nie; en

(ii) met skenkings van bloed van bloedskenkers wat vantevore bloed aan daardie bepaalde vereniging geskenk het en volgens bevinding die Rh₀-(D)-antigeen besit, dit nie nodig is om 'n Rh-groepproef uit te voer nie.”

15. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 21 (1) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

“21. (1) Indien daar bewys is dat die skenker tot die bloedgroep O, A of B behoort, moet 'n monster van sy bloed wat verkry is toe hy die skenking gedoen het, getoets word om vas te stel of—”

16. Deur die toevoeging van die volgende nuwe subregulasie na subregulasie 21 (2):—

“21. (3) Indien dit die bedoeling is om in noodgevalle 'n skenking van bloed as mensbloed uit te reik aan 'n pasiënt wat tot 'n homologiese ABO-groep behoort en die isoagglutinentiter en/of die isohemolisientiter nog nie bepaal is nie, moet 'n geel etiket opvallend en behoorlik aan die houer geheg word op 'n manier wat deur die lisensieringsowerheid goedgekeur is met die volgende woorde met rooi daarop gedruk:—

‘Titer Nie Vasgestel Nie.

Titre Not Determined.’”

17. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (1) (a) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

“24. (1) (a) Die resultate van die bloedgroepproeve vir daardie bepaalde skenking (soos omskryf in regulasie 19) moet gekontroleer word deur 'n verantwoordelike beamppte van die vereniging.”

18. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (2) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

“24. (2) Indien bogenoemde kontrolering toon dat die resultate van die bloedgroepproef ooreenstem met mekaar en met die bloedgroeperingsresultate verkry met vorige

15. By the substitution for the existing subregulation 19 (1) (b) (i) and (ii) of Part II, First Schedule, of the following:—

“19. (1) (b) (i) The results of the blood group tests, as thus determined, shall be recorded in a manner approved by the licensing authority.”

“19. (1) (b) (ii) During the interval between the performance of the two separate blood group tests as specified in regulation 19 (1) (a), a yellow label shall be conspicuously and securely attached to the container by a method approved by the licensing authority with the following words printed in red thereon:—

‘Caution: Blood Group Not Confirmed—Waarskuwing: Bloedgroep Nie Bevestig nie.’”

16. By the substitution for the existing subregulation 20 (1) of Part II, First Schedule, of the following:—

“20. (1) Every sample of a donor's blood, which is to be subjected to blood group tests in accordance with regulation 19 of this Schedule, shall be tested—

(a) to determine its primary blood group (ABO system); and

(b) to determine whether it is Rh positive or negative (i.e. whether or not it possesses the Rh₀ or D antigen); except that—

(i) if on the occasion of the first blood grouping test on a sample of blood from a blood donor making his first donation of blood to a society, the blood is found to possess the Rh₀ or D antigen (i.e. that he is Rh positive) it shall not be necessary to subject a separate sample of the donor's blood to a Rh grouping test; and

(ii) with donations of blood from blood donors who have previously donated blood to that particular society and who have been found to possess the Rh₀ (D) antigen, it shall not be necessary to carry out a Rh grouping test.”

17. By the substitution for the existing subregulation 21 (1) of Part II, First Schedule, of the following:—

“21. (1) If the donor is proved to belong to blood group O, A or B a sample of his blood obtained at the time he made the donation shall be tested to determine whether—”

18. By the addition of the following new subregulation after subregulation 21 (2):—

“21. (3) If in emergencies it is intended to issue a donation of blood as human blood to a patient who belongs to a homologous ABO group and the iso-agglutinin titre and/or the iso-haemolysin titre has not been determined, a yellow label shall be conspicuously and securely attached to the container by a method approved by the licensing authority with the following words printed in red thereon:—

‘Titre Not Determined.

Titer Nie Vasgestel Nie.’”

19. By the substitution for the existing subregulation 24 (1) (a) of Part II, First Schedule, of the following:—

“24 (1) (a) The results of the blood group tests for that particular donation (as defined in regulation 19) shall be checked by a responsible officer of the society.”

20. By the substitution for the existing subregulation 24 (2) of Part II, First Schedule, of the following:—

“24. (2) If the above-mentioned check shows that the results of blood grouping tests are in agreement with each other and with the blood grouping results obtained with previous donations that have been recorded in accordance

skenkings wat ooreenkomstig regulasie 36 (1) (f) van hierdie Bylae aangeteken is, word die betrokke skenking beskou as veilig om ten opsigte van sy bloedgroep deur die vereniging as mensbloed uitgereik te word."

19. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (3) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

"24. (3) Indien bogenoemde kontrolering toon dat die resultate van die bloedgroepproef nie ooreenstem met mekaar of met die bloedgroepeeringsresultate wat verkry is met die vorige skenkings wat ooreenkomstig regulasie 36 (1) (f) van hierdie Bylae aangeteken is nie, word die betrokke skenking nie as veilig vir uitreiking deur die vereniging as mensbloed beskou nie en moet die volgende stappe deur die lisensiehouer gedoen word:—"

20. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (3) (b) (i) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

"24. (3) (b) (i) moet die bloedgroep van die bloedskenking gekontroleer word deur minstens twee afsonderlike monsters van die betrokke bloed aan onafhanklike proewe deur verskillende waarnemers te onderwerp (waar die proefbuis nie 'n integrerende deel van die houër is nie, word een monster uit die houër en een monster uit die proefbuis geneem) en ook indien dit nodig blyk;"

21. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (6) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

"24. (6) 'n Houër met bloed wat tot bloedgroep O, A of B behoort en 'n hoë isoagglutinentiter het of die aanwezigheid van hemolisiene toon, moet as mensbloed uitgereik word met 'n waarskuwing op die etiket gedruk dat hierdie bloed slegs gebruik mag word vir toediening aan pasiënte wat tot 'n homologiese groep behoort."

22. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 24 (7) (i) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

"24. (7) (i) as die bloed benodig is in 'n noodgeval en die resultaat van die proef nie bekend gemaak is nie, die houër uitgereik mag word mits die mediese praktisyn verantwoordelik vir die pasiënt aan wie die bloed uitgereik is, van die uitslag van die proef in kennis gestel word indien dit positief is."

23. Deur die vervanging van die syfer "4" in die tweede lyn en die woord "waarskuwing" in die derde lyn van subregulasie 24 (7) (ii) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer "2" en die woord "voorwaarde".

24. Deur die vervanging van die syfer "4" in die derde lyn van subregulasie 25 (1) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer "2".

25. Deur die vervanging van die syfer "4" in die derde lyn van regulasie 26 in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer "2".

26. Deur die vervanging van die syfer "4" in die derde lyn van subregulasie 27 (b) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer "2".

27. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 29 (4) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende:—

"29. (4) Houers met bloedskenkings wat by inspeksie blykbaar nie geskik vir uitreiking is nie moet van etikette voorsien word ooreenkomstig regulasie 31 (2) van hierdie Bylae."

28. Deur die vervanging van die syfer "4" in subregulasie 30 (1) (c) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer "2".

29. Deur die vervanging van die woorde "gewees het" in die laaste lyn van subregulasie 31 (1) (a) in Deel II, Eerste Bylae, deur die woord "wees".

with regulation 36 (1) (f) of this Schedule, the donation in question shall be deemed safe for issue by the society, in respect of its blood group as human blood."

21. By the substitution for the existing subregulation 24 (3) of Part II, First Schedule, of the following:—

"24. (3) If the above-mentioned check shows that the results of the blood grouping tests are not in agreement with each other, or with the blood grouping results obtained with the previous donations that have been recorded in accordance with regulation 36 (1) (f) of this Schedule, the donation in question shall be deemed not safe for issue by the society as human blood and the following action shall be taken by the licensee:—"

22. By the substitution for the existing subregulation 24 (3) (b) (i) of Part II, First Schedule, of the following:—

"24. (3) (b) (i) the blood group of the blood donation shall be checked by subjecting at least two separate samples of the blood in question to independent tests carried out by different observers (where the pilot tube is not an integral part of the container, one sample shall be taken from the container and one from the pilot tube) and also, if indicated;"

23. By the substitution for the existing subregulation 24 (6) of Part II, First Schedule, of the following:—

"24. (6) A container of blood which belongs to blood group O, A or B and having a high iso-agglutinin titre or showing the presence of haemolysins shall be issued as human blood with a caution printed on the label to the effect that this blood is to be used only for the infusion of patients belonging to an homologous group."

24. By the substitution for the existing subregulation 24 (7) (i) of Part II, First Schedule, of the following:—

"24. (7) (i) If the blood is required in an emergency and the result of the test has not been reported, the container may be issued provided that the medical practitioner in charge of the patient to whom the blood was issued is notified of the results of the test if this proves to be positive."

25. By the substitution for the figure "4" in the second line and the word "caution" in the fourth line of subregulation 24 (7) (ii) of Part II, First Schedule, of the figure "2" and the word "condition".

26. By the substitution for the figure "4" in the fourth line of subregulation 25 (1) of Part II, First Schedule, of the figure "2".

27. By the substitution for the figure "4" in the last line of regulation 26 of Part II, First Schedule, of the figure "2".

28. By the substitution for the figure "4" in the third line of subregulation 27 (b) of Part II, First Schedule, of the figure "2".

29. By the substitution for the existing subregulation 29 (4) of Part II, First Schedule, of the following:—

"29. (4) Containers of blood donations which on inspection do not appear suitable for issue shall be labelled in accordance with regulation 31 (2) of this Schedule."

30. By the substitution for the figure "4" in subregulation 30 (1) (c) of Part II, First Schedule, of the figure "2".

30. Deur die vervanging van die huidige subregulasie 31 (1) (a) (iii) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“31. (1) (a) (iii) wie se bloed, toe dit ooreenkomstig regulasie 22 getoets is, nie 'n positiewe serumproof vir lues gelever het nie, of die skenking moet ooreenkomstig regulasie 24 (7) (i) uitgereik of ooreenkomstig regulasie 24 (7) (ii) opgeberg wees; en”.

31. Deur die byvoeging van die letters “A of B” na die letter “O” in die tweede lyn van subregulasie 31 (1) (h) in Deel II, Eerste Bylae.

32. Deur die vervanging van die bestaande subregulasie 31 (1) (j), regulasie 24, in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“31. (1) (j) Regulasie 24.—Soos in hierdie regulasie bepaal, moet die resultate van die bloedgroepproeve gekontroleer gewees het, die resultate van hierdie kontroliering aangeteken gewees het en 'n behoorlike ondersoek ingestel gewees het ten opsigte van enige verskil wat moontlik in die resultate van hierdie proewe kon voorgekom het.”

33. Deur die vervanging van die syfer “40” in subregulasie 31 (1) (o) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “39”.

34. Deur die skraping van die huidige regulasie 33 en die hernommering van die daaropvolgende regulasies in Deel II, Eerste Bylae.

35. Deur die vervanging van subregulasie 36 (1) (f) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“36. (1) (f) Die primêre bloedgroep (ABO-stelsel) en die Rh-faktor soos in regulasie 19 omskryf en ooreenkomstig regulasies 20 en 23 van hierdie Bylae uitgevoer. Indien 'n proef uitgevoer is vir afwykings van die Rh₀- of D-antigene en vir die Rh'-(C-) of die Rh''-(E-) antigeen, moet die resultate van hierdie proewe ook aangeteken word.”

36. Deur die skraping van die woorde “vasgestel deur die skenkingsgroepproof” in die derde lyn van subregulasie 36 (2) (b) in Deel II, Eerste Bylae.

37. Deur die skraping van subregulasie 36 (2) (h) in Deel II, Eerste Bylae, en die hernommering van die daaropvolgende subregulasies.

38. Deur die vervanging van subregulasie 36 (2) (l) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“36. (2) (l) Die naam van die geneesheer aan wie die bloed uitgereik is en die bloed se bestemming.”

39. Deur die vervanging van die syfer “38” in subregulasie 36 (2) (n) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “37”.

40. Deur die skraping van subregulasie 36 (2) (r) in Deel II, Eerste Bylae.

41. Deur die vervanging van subregulasie 37 (2) (e) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“37. (2) (e) Die merke vir die identifikasie van die lot waartoe die betrokke skenking behoort en die lotnommer(s) van die houer(s).”

42. Deur die vervanging van subregulasie 37 (2) (f) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“37. (2) (f) Die primêre bloedgroep(e) en die Rh-faktor(e) van die skenker(s) en skenking(s) soos blyk uit die bloedgroepproeve.”

43. Deur die vervanging van die syfer “38” in subregulasie 38 (2) (f) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “37”.

31. By the substitution for the existing subregulation 31 (1) (a) (iii) of Part II, First Schedule, of the following: —

“31. (1) (a) (iii) whose blood, on testing in accordance with regulation 22, has not given a positive serological test for syphilis, or the donation shall have been issued in accordance with regulation 24 (7) (i) or stored in accordance with regulation 24 (7) (ii); and.”

32. By the addition after the letter “O” in subregulation 31 (1) (h) of Part II, First Schedule, of the letters “A or B”.

33. By the substitution for the existing subregulation 31 (1) (j), regulation 24 of Part II, First Schedule, of the following: —

“31. (1) (j) Regulation 24.—As provided for in this regulation, the results of the blood group tests shall have been checked, the results of this check recorded and a proper investigation made in respect of any disagreement which may have occurred in the results of these tests.”

34. By the substitution for the figure “40” in subregulation 31 (1) (o) of Part II, First Schedule, of the figure “39”.

35. By the deletion of the existing regulation 33 and the renumbering of the following regulations of Part II, First Schedule.

36. By the substitution for subregulation 36 (1) (f) of Part II, First Schedule, of the following: —

“36. (1) (f) The primary blood group (ABO system) and the Rh factor as defined in regulation 19 and as performed in accordance with regulations 20 and 23 of this Schedule. If a test has been performed for variants of the Rh₀ or D antigens, and for the Rh' (C) or the Rh'' (E) antigens, the results of these tests shall also be recorded.”

37. By the deletion of the words “determined by the ‘donation group test’” in the third line of subregulation 36 (2) (b) of Part II, First Schedule.

38. By the deletion of subregulation 36 (2) (h) of Part II, First Schedule, and the renumbering of the following subregulations.

39. By the substitution for subregulation 36 (2) (l) of Part II, First Schedule, of the following: —

“36. (2) (l) The name of the medical practitioner to whom the blood was issued and the destination of the blood.”

40. By the substitution for the figure “38” in subregulation 36 (2) (n) of Part II, First Schedule, of the figure “37”.

41. By the deletion of subregulation 36 (2) (r) of Part II, First Schedule: —

42. By the substitution for subregulation 37 (2) (e) of Part II, First Schedule, of the following: —

“37. (2) (e) The marks for the identification of the batch to which the donation in question belongs and the batch number(s) of the container(s).”

43. By the substitution for subregulation 37 (2) (f) of Part II, First Schedule, of the following: —

“37. (2) (f) The primary blood group(s) and the Rh factor(s) of the donor(s) and the donation(s) as evidenced by the blood group tests.”

44. By the substitution for the figure “38” in subregulation 38 (2) (f) of Part II, First Schedule, of the figure “37”.

44. Deur die vervanging van subregulasie 39 (4) (l) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“39. (4) (l) Indien die bloedskenking tot bloedgroep O, A of B behoort, ’n verklaring of die isoagglutinentiter hoog of laag is en of isohemolisiene aanwesig is. Indien die isoagglutinentiter hoog of isohemolisiene aanwesig is, ’n waarskuwing dat dié skenking slegs gebruik moet word vir toediening aan pasiënte wat tot ’n homologiese groep behoort.”

45. Deur die vervanging van die woord “totale” in die eerste lyn van subregulasie 39 (4) (m) in Deel II, Eerste Bylae, deur die woord “minimum”.

46. Deur die vervanging van die syfer “4” in subregulasie 39 (4) (n) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “2”.

47. Deur die vervanging van die syfer “4” in subregulasie 40 (2) (c) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “2”.

48. Deur die vervanging van subregulasie 40 (2) (e) (iii) in Deel II, Eerste Bylae, deur die volgende: —

“40. (2) (e) (iii) Die verantwoordelikheid van die geneesheer wat mensbloed aan ’n pasiënt toedien, om te verseker dat elke gebruikte houër vir ondersoekdoeleindes in gevalle waarin ’n ongunstige reaksie of sterfgeval aangemeld is, vir ’n tydperk van minstens 24 uur na voltooiing van die toediening gehou word en gestuur of afgelewer word aan wie of waarheen die lisensiehouër of die Streeksdirekteur: Staatsgesondheidsdienste, ook al gelas.”

49. Deur die vervanging van die syfer “38” in die laaste lyn van subregulasie 41 (1) in Deel II, Eerste Bylae, deur die syfer “37”.

50. Deur die vervanging van subregulasie 9 (5) in Deel II, Tweede Bylae, deur die volgende: —

“9. (5) Alle houers met bloed vir verwerking tot preparate van mensbloed moet vandat hulle ontvang word totdat daar met die verwerking begin word, by die laboratorium gehou word op ’n wyse wat deur die lisensieringsowerheid goedgekeur is.”

51. Deur die vervanging van die syfer “4” in die vyfde lyn van subregulasie 9 (7) in Deel II, Tweede Bylae, deur die syfer “2”.

52. Deur die vervanging van subregulasie 9 (8) in Deel II, Tweede Bylae, deur die volgende: —

“9. (8) Nadat die houers met bloed vir verwerking by die laboratorium in ontvangs geneem is en voordat daar met die verwerking begin word, moet ’n steriliteitsproef op elke houër uitgevoer word volgens ’n metode deur die lisensieringsowerheid goedgekeur, en slegs houers waarvan die inhoud volgens die proewe steriel is, mag vir verwerking tot preparate van mensbloed gebruik word, tensy vooraf goedkeuring van die lisensieringsowerheid verkry is vir die weglating van ’n steriliteitsproef.”

53. Deur die skraping van subregulasie 9 (9) in Deel II, Tweede Bylae, en die hernoemering van die daaropvolgende subregulasies.

54. Deur die invoeging van die volgende nuwe regulasie 26 in Deel II, Tweede Bylae, en die hernoemering van die daaropvolgende regulasies: —

“Preparate van Mensbloed wat net vir Uitvoer Vervaardig is

26. Die lisensieringsowerheid kan in die geval van enige bepaalde preparaat van enige van die bepalinge van hierdie regulasies afsien as hy daarvan oortuig is dat die preparaat uitsluitlik vir verkoop buite Suid-Afrika vervaardig word, dat dit wenslik is om van sodanige bepaling(s) af te

45. By the substitution for subregulation 39 (4) (l) of Part II, First Schedule, of the following: —

“39. (4) (l) If the blood donation belongs to blood group O, A or B, a statement as to whether the iso-agglutinin titre is high or low and whether iso-haemolysins are present. If the iso-agglutinin titre is high or iso-haemolysins are present, a caution that this donation should be used for the infusion of patients belonging to an homologous group only.”

46. By the substitution for the word “total” in the first line of subregulation 39 (4) (m) of Part II, First Schedule, of the word “minimum”.

47. By the substitution for the figure “4” in subregulation 39 (4) (n) of Part II, First Schedule, of the figure “2”.

48. By the substitution for the figure “4” in subregulation 40 (2) (c) of Part II, First Schedule, of the figure “2”.

49. By the substitution for subregulation 40 (2) (e) (iii) of Part II, First Schedule, of the following: —

“40. (2) (e) (iii) The responsibility of the medical practitioner who infuses a patient with human blood to ensure that each container used is retained for a period of not less than 24 hours after completion of the infusion and is forwarded or delivered to whomsoever or wherever directed by the licensee or the Regional Director of State Health Services for investigatory purposes in cases in which an untoward reaction or death has been reported.”

50. By the substitution for the figure “38” in the last line of subregulation 41 (1) of Part II, First Schedule, of the figure “37”.

51. By the substitution for subregulation 9 (5) of Part II, Second Schedule, of the following: —

“9. (5) All containers of blood for processing into preparations of human blood shall be maintained at the laboratory from the time of receipt until the time that processing is commenced in a manner approved by the licensing authority.”

52. By the substitution for the figure “4” in the sixth line of subregulation 9 (7) of Part II, Second Schedule, of the figure “2”.

53. By the substitution for the existing subregulation 9 (8) of Part II, Second Schedule, of the following: —

“9. (8) After receipt at the laboratory and before processing is commenced, a sterility test shall be carried out, by a method approved by the licensing authority, on every container of blood for processing and only containers of which the contents have been shown to be sterile by such tests may be used for processing into preparations of human blood, unless prior approval has been obtained from the licensing authority for the omission of a sterility test.”

54. By the deletion of the existing subregulation 9 (9) of Part II, Second Schedule, and the renumbering of the following subregulations.

55. By the insertion of the following new regulation numbered 26 in Part II, Second Schedule, and the renumbering of the regulations that follow: —

“Preparation of Human Blood Processed for Export Only

26. The licensing authority may in the case of any particular preparation dispense with any of the requirements of these regulations if he is satisfied that the preparation is being processed exclusively for sale outside South Africa and that such dispensation is desirable, regard being had to the nature of any arrangements for

sien uit hoofde van die aard van enige reëlings tot regulering van die vervaardiging en verkoop van die preparate van toepassing in die land waarheen die preparaat uitgevoer gaan word, en dat die preparaat geëtiketteer is 'Net vir uitvoer/For export only' op 'n wyse wat deur die lisensieringsowerheid goedgekeur is."

55. Deur die vervanging van regulasie 27 (3) in Deel II, Tweede Bylae, deur die volgende: —

"27. (3) *Opberging*.—Mensplasma (vloeibaar) moet op 'n plek wat teen regstreekse sonlig beskut is en by 'n temperatuur goedgekeur deur die lisensieringsowerheid opgeberg word."

56. Deur die skraping van subregulasie 27 (4) (b) in Deel II, Tweede Bylae.

57. Deur die invoeging van die volgende nuwe regulasie genommer 35 in Deel II, Tweede Bylae: —

"Ander Preparate"

35. (a) Die gehalte- en veiligheidstandaarde en die proewe wat nodig is ten einde te verseker dat elke lot preparaat aan hierdie standaarde voldoen voordat dit vir gebruik by mense uitgereik word;

- (b) die verstrykingsdatum;
- (c) die opbergingstoestand; en
- (d) die addisionele etiketteringsvereistes;

vir alle ander preparate moet wees soos deur die lisensieringsowerheid bepaal of goedgekeur."

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIËSE DIENSTE

No. R. 54 17 Januarie 1969
REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE MINIMUM VEREISTES VIR STANDAARDGRAADSAAD EN INVOERSAAD

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *dertig* van die Wet op Saad, 1961 (Wet 28 van 1961) het die Staatspresident die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig met betrekking tot die minimum vereistes vir Standaardgraadsaad en invoersaad.

BYLAE

Minimum vereistes vir standaardgraadsaad en invoersaad vir die betrokke soorte is soos in die Aanhangel hierby uiteengesit.

AANHANGSEL

Soort saad	Suiverheids-persentasie minstens	Ontkiemings-persentasie minstens
(a) Voergewasse:		
<i>Lolium rigidum</i> (Wimmera raaigras).....	96	80
<i>Pennisetum typhoides</i> (<i>P. glaucum</i>) (babala).....	96	80
(b) Voerpeulgewas:		
<i>Vigna unguiculata</i> (kafferboon)	98	80
(c) Akkerbougewasse:		
<i>Phaseolus vulgaris</i> L., <i>P. coccineus</i> L. (<i>P. multiflorus</i>) et <i>P. acutifolius</i> Gray var. <i>latifolius</i> Freem (droëbone)	98	80

No. R. 55 17 Januarie 1969
WYSIGING VAN REGULASIE KRAGTENS DIE WET OP DIERESIEKTES EN -PARASIE, 1956 (WET 13 VAN 1956)

Die Minister van Landbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 27 van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet 13 van 1956), Deel X

regulating the processing and sale of the preparation in operation in the country to which the preparation is to be exported and that the preparation is labelled 'For export only/Net vir uitvoer' in a manner approved by the licensing authority."

56. By the substitution for subregulation 27 (3) of Part II, Second Schedule, of the following: —

"27. (3) *Storage*.—Human plasma (liquid) shall be stored in a place which is shaded from direct sunlight and at a temperature approved by the licensing authority."

57. By the deletion of the existing subregulation 27. (4) (b) of Part II of the Second Schedule.

58. By the insertion of the following new Regulation numbered 35 in Part II, Second Schedule: —

"Other Preparations"

35. (a) The standards for quality and safety and the tests necessary to ensure that every batch of preparation complies with these standards before it is issued for human use;

- (b) the expiry dates;
- (c) the conditions of storage; and
- (d) the additional labelling requirements;

for all other preparations shall be such as has been determined or approved by the licensing authority."

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 54 17 January 1969
REGULATIONS RELATING TO THE MINIMUM REQUIREMENTS FOR STANDARD GRADE SEED AND IMPORT SEED

Under the powers vested in him by section *thirty* of the Seeds Act, 1961 (Act 28 of 1961), the State President has made the regulations set out in the Schedule hereto, relating to the minimum requirements for standard grade seed and import seed.

SCHEDULE

Minimum requirements for standard grade and import seed for the kinds concerned are as set out in the Annexure hereto.

ANNEXURE

Kind of seed	Purity percentage not less than	Germination percentage not less than
(a) Forage grasses:		
<i>Lolium rigidum</i> (Wimmera rye grass).....	96	80
<i>Pennisetum typhoides</i> (<i>P. glaucum</i>) (babala).....	96	80
(b) Forage legumes:		
<i>Vigna unguiculata</i> (cowpea) ..	98	80
(c) Field crops:		
<i>Phaseolus vulgaris</i> L., <i>P. coccineus</i> L. (<i>P. multiflorus</i>) et <i>P. acutifolius</i> Gray var. <i>latifolius</i> Freem (dried beans).....	98	80

No. R. 55 17 January 1969
AMENDMENT OF REGULATIONS UNDER THE ANIMAL DISEASES AND PARASITES ACT, 1956 (ACT 13 OF 1956)

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 27 of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act 13 of 1956), amended Part X of

van die regulasies soos vervat in die Bylae by Goewermentskennisgewing R. 1531 van 4 Oktober 1963, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

(1) Vervang die syfer "5" deur die syfer "6" in regulasie 3.

(2) Voeg die volgende nuwe regulasie 5 in:—
"Opberging en Bewaring van Produkte"

5. Wanneer 'n produk, wat op gesag van 'n permit ingevoer of vervaardig is, vir wegdoen deur verkoop, skenking of verruiling, opgeberg word, moet die voorskrifte met betrekking tot verkoelingsfasiliteite en ander voorsorgmaatreëls voorgeskryf deur die vervaardiger, vir die behoorlike bewaring daarvan, nagekom word."

(3) Hernommer die bestaande regulasie 5 om 6 te lees.

the regulations set forth in the Schedule to Government Notice R. 1531 of 4 October 1963, as indicated in the Schedule hereto.

SCHEDULE

(1) Substitute the figure "6" for the figure "5" in Regulation 3.

(2) Insert the following new regulation 5:—
"Storage and Safekeeping of Products"

5. When a product, which has been imported or manufactured on the authority of a permit, is stored for disposal by sale, gift or exchange, the directions in regard to cooling facilities and other precautions stipulated by the manufacturer for the proper safekeeping thereof shall be complied with."

(3) Renumber the existing regulation 5 to read 6.

INHOUD

No.		BLADSY
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
Arbeid, Departement van		
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
R. 61.	Verbetering van Loonvasstelling 302: Kommersiële Distribusiebedryf, vernaamste gebiede	1
R. 67.	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Meubelnywerheid, Transvaal: Verlenging van geldigheidsduur van Hoofdooreenkoms	1
Gesondheid, Departement van		
GOEWERMENTSKENNISGEWING		
R. 66.	Wysiging van Regulasies vir die Beheer van Bloedoortappingsdienste	1
Landbou-tegniese Dienste, Departement van		
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
R. 54.	Regulasies met Betrekking tot die Minimum Vereistes vir Standaardgraadsaad en Invoersaad	7
R. 55.	Wysiging van Regulasies kragtens die Wet op Diersiektes en Parasiete, 1956	7

CONTENTS

No.		PAGE
GOVERNMENT NOTICES		
Agricultural Technical Services, Department of		
GOVERNMENT NOTICES		
R. 54.	Regulations Relating to the Minimum Requirements for Standard Grade Seed and Import Seed	7
R. 55.	Amendment of Regulations under the Animal Diseases and Parasites Act, 1956	7
Health, Department of		
GOVERNMENT NOTICE		
R. 66.	Amendment of Regulations for the Control of Blood Transfusion Services	1
Labour, Department of		
GOVERNMENT NOTICES		
R. 61.	Correction of Wage Determination 302: Commercial Distributive Trade, principle areas	1
R. 67.	Industrial Conciliation Act, 1956: Furniture Manufacturing Industry, Transvaal: Extension of period of operation of Main Agreement	1



Wapen van die
Republiek van Suid-Afrika

In Kleure

Groot 11½ duim by 9 duim

+

Herdruk volgens plan opgemaak deur die Kollege van Heraldiek

+

PRYS:

R1.10 per kopie, posvry in die Republiek

R1.15 per kopie, buite die Republiek

Verkrygbaar by die Staatsdrukker Pretoria en Kaapstad



Republic of South Africa
 Coat of Arms

In Colours

Size 11½ inches by 9 inches

+

Reprinted to design prepared by the College of Heraldry

+

PRICE:

R1.10 per copy, post free within the Republic

R1.15 per copy, outside the Republic

Obtainable from the Government Printer Pretoria and Cape Town